


# ON FIRE Week 4: Die vrug van die Heilige Gees

Doel: In hierdie Bybelstudie is die fokus op die vrug van die Heilige Gees. Die vraag daaragter is dan hoe ons meer van die vrug van die Gees kan kry.

## INLEIDING

**Deel met mekaar** wat jy **tot dusver geleer het** oor die werking van die Heilige Gees in jou lewe.

Wat dink jy is die **verskil tussen die gawes van die Gees en die vrug van die Gees?**

**Wat verstaan julle met die vrug van die Gees? Bespreek watter vrug (vlg Galasiërs 5:22) dink jy is teenwoordig in jou lewe en waarmee sukkel jy?**

## WAT Sê DIE BYBEL?

**Lees Galasiërs 5:1-6 en 5:13-16**

Laat elkeen die gedeelte weer op hul eie deurlees en gee vir elkeen 'n kans in die groep om te deel wat hulle getref het, aangryp, nie verstaan nie of nie mee saamstem in die gedeelte nie.

**Galasiërs 5:1 begin met die stelling dat Christus ons vry maak. Hoe gebeur dit en waarvan maak Hy ons vry?**

**Die tweede gedeelte van v 1 daag die gemeente uit om in hul vryheid te bly vasstaan en waarsku hulle om nie weer slawe (van iets anders) te word nie. Waarom dink julle is hierdie waarskuwing so NB?**

- Wat verslaaf jou?
- Wat help jou om in jou geloof en vryheid te bly vasstaan?
- Watter gevaar is daar om staat te maak op jou eie verdienste, probeerslae, wetsonderhouding (soos voorskrifte oor besnydenis – v 3-4) en 'n goeie lewe? Lees ook die perspektief wat v 6 hieroor wil gee.

**Die Heilige Gee speel 'n spesifieke rol in die lewens van gelowiges volgens hierdie gedeelte. Watter funksie(s) is dit volgens:**

- **v 5?**
- **v 16?**
- **v 18?**

**Watter impak het sonde in ons lewens op die werk van die Gees? – v 13, 16, 19-21, 24**

**Die duidelikste resultaat van die werk van die Gees in ons lewens is natuurlik die vrug van die Gees – Gal 5:22.**

- Wat kan ons doen om meer vrug in ons lewens te kry?

- Watter van hierdie eienskappe is werklik vir jou moeilik en nie aanwesig in jou lewe nie? Begin jou antwoord met: "Ek sukkel met…"

**Vir 'n reg verstaan hiervan is die volgende beginsels BELANGRIK:**

- **Vrug is 'n <u>resultaat van die werking van die Gees</u> en NIE van ons eie probeerslae om beter te probeer leef nie of die resultaat van my persoonlikheid nie.** Hoekom kan ons dit nie in eie krag tot stand bring in ons lewens nie?

- **<u>Vrug (om te groei) vat tyd</u> – en is dus die natuurlike gevolg van die werking van die Gees oor 'n lang tyd in my lewe.** Hoekom misluk ons eie probeerslae in die lig hiervan?

- **Gal 5:22 praat van <u>vrug (enkelvoud) en nie vrugte</u> (meervoud) nie**. Die Heilige Gees wil nie een of twee fasette van jou persoonlikheid verbeter nie. Hy wil jou hele lewe verander. Die een eienskap (bv liefde) sonder die ander eienskappe (bv getrouheid) is dus eintlik onmoontlik. Hoekom dink jy is dit tog belangrik om eerlik te kan wees oor watter sake jy mee sukkel? Waarvan is dit 'n verklaring?

- **Vrug is die <u>resultaat van worstel wat reg is</u> – lees weer v 16 en v 25.** Die afwesigheid van sommige van hierdie vrug in ons lewens is juis 'n aanduiding dat daar areas in ons lewens is waar on snog die Heilige Gees moet toelaat om te werk.

Om die vrug van die Gees in ons lewens te kry impliseer **'n oortuiging (van die Gees se werking en my kindskap) en 'n daaglikse keuse** om met die hulp van en die belofte van die kragtige werking van die Gees te leef. Dit vra 'n daaglikse bewuste oorgee aan die Gees. Hoe meer ek dit doen, hoe meer gaan die Gees my verander, omdat ek die Heilige Gees toelaat om in en deur my te werk en die natuurlike resultaat daarvan is die Vrug van die Gees!!!

**Bid saam vir die werking van die Gees in julle lewens.**